9 Groeikante Geloofsontwikkeling

by Junior en Middelfase

9 Groeikante

Geloofsontwikkeling by Junior en Middelfase

Dr. Nico Simpson
Hoof van publikasies: Jeugfokus

Ontvang hierdie 9 perspektiewe, aspekte of groeikante vir kinders in die junior- en middelfase. Ek hoop dit sal jou help om nog meer sinvol betrokke te kan raak by hulle geloofsgroei.

Hierdie geloofsfase begin sigbaar word tussen die ouderdom van 5 en 7 en duur gewoonlik tot in die vroeë adolessensiejare van 11 tot 13.

WATTER KATEGESEREEKS SAL DIE BESTE WEES VIR JOU GEMEENTE?

KENNIS-KATEGESE

Hierdie hulpmiddels help jou om Bybelkennis aan die kinders en jongmense oor te dra en hulle in hulle geloof te onderrig.
Elke graad het ’n doenboek vir die kinders of ’n gespreksgids vir die jongmense en ’n aanbiedersgids vir jou.

KEUSE-KATEGESE

Hierdie reeks hulpmiddels help jou om die kinders en jongmense te lei om op ’n interaktiewe manier self meer oor God en hulle geloof te ontdek.
Die deelnemersgidse bevat ’n wye reeks saamdoen- en ontdekkingsaktiwiteite.

TEMA-KATEGESE

Hierdie kort kursusse help jou om oor spesifieke onderwerpe of temas kategese te hou.
Daar is 10 ontmoetings per onderwerp wat geskik is vir ’n kwartaal.
Ons voorsien ’n gids vir deelnemers en begeleiding vir aanbieders.

Denkraamwerk

vir nuwe identiteit

In die hart van elke gemeente se kultuur is ’n frame of mind **– ’n gemeenskaplike storie wat die identiteit van die lede vorm en hulle leer om die wêreld in verhouding met God te sien. Sonder enige twyfel is een van die grootste take van gemeentes in hierdie fase om geleenthede te skep waar kinders hierdie storie van die gemeente kragtig as ’n soort voorskou kan hoor, sien en beleef.**

Die Christelike frame of mind **behoort in hierdie fase vir kinders geleer en gewys te word en hulle behoort dit te beleef as nie net woorde nie, maar as eg.**

Vir Christelike leer om doeltreffend te wees, moet dit nie net kennis oordra nie, maar ook insig laat groei uit leerders se selfontdekkings en ervarings.

Roehlkepartain, E.C.
The Teaching Church.

Hoe ek beweeg

Liggaamlike aspek

#1

Ek is ’n bol energie

Geniet gedurige beweging; hardloop en spring in plaas van loop; vrae verskeie aktiwiteite; groei nie meer so vinnig nie.

#2

Ek is ’n swerwer

Lewenslustig; nuuskierig; wil plekke sien en ontdek; wil dinge doen; baie aktief en uitgelate; hou van stokperdjies; hou baie van avontuur, kampe en die buitelewe.

Hoe ek dink

Verstandelike aspek

#3

Ek is ’n waarnemer

Leer lees; die wêreld ontplof; leergierig en leer maklik; dink letterlik en nie abstrak nie; het konkrete voorbeelde nodig.

“Ek ontdek die wêreld.”

#4

Ek is ’n ondersoeker

Nuuskierig en ywerig om te leer; uitstekende geheue; geniet grappe en truuks; geïnteresseerd in probleemoplossing; kreatief; voorlopige en eenvoudige vorme van redenering op konkrete vlak.

Omdat kinders se morele vorming in hierdie lewensfase baie sterk op wederkerigheid gebou is (As jy iets vir my … sal ek iets vir jou …), behoort ouers aan te sluit by hierdie nuwe vaardigheid in geloofsvorming. Wanneer kinders by die huis kom en sê: “Hoekom moet ek probeer om nice te wees met hom of haar as hy of sy nie nice is met my nie?” kan ouers hierop reageer deur Christelike waardes (frame of mind) te betrek: “As jy nie bereid is om ander wat iets slegs aan jou gedoen het te vergewe nie, hoe kan jy van ander verwag om jou te vergewe as jy hulle seermaak? Jesus het ons geleer om te vergewe – weer en weer!”

Hoe ek speel

Sosiale aspek

#5

Ek is ’n groepspeler

Minder egoïsties; hou van kinders van dieselfde ouderdom; het ’n beste maat; hou van troeteldiere; hou van voorgee.

Goedkeuring van volwassenes is belangrik; verkies nie-mededingende aktiwiteite.

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#6

Ek is ’n “bendelid”

Wil deur ouderdomsgroep raakgesien en aanvaar word; geniet mededinging; is lojaal; vereer helde; regverdigheid is belangrik; vergelyk hulleself met ander.

Nog ’n uitdaging is dat hulle hulle met die geloofsgemeenskap kan en wil vereenselwig. Wanneer ouers besig is om elke dag hulle Christelike waardes uit te leef, soos om kos te neem vir iemand wat siek is of vir siek mense te gaan kuier of iemand wat hulpeloos is te gaan help, moet hulle verkieslik hulle kinders saamneem en hulle laat deelneem aan hierdie soort uitreikaksies.

Dit is van die kragtigste maniere van geloofsvorming in hierdie lewensfase.

Hoe ek kies

Morele aspek

#7
Ek is ’n ruiler

Eienskappe in hierdie fase is tit for tat of you scratch my back and I’ll scratch yours; regverdigheid word gesien as ’n proses waarin verskillende partye ’n ooreenkoms met mekaar aangaan.

Ek tree goed op wanneer iemand goed teenoor my optree.

Hoe ek glo

Geestelike aspek

#8

Ek is ’n onderskeier

Onderskei tussen goed en kwaad; vertrou mense; hou van aksie; is lief vir stories en luister graag na sendingstories; aanvaar Jesus as Verlosser; leer bid en leef vir Jesus.

Om hulle met stories en karakters in stories te vereenselwig is belangrik.



“Ek hou van stories.”

BYBELMEDIA.ORG.ZA • • •

#9

Ek is ’n aanbidder

Vra vrae oor Christenskap; beredeneer aspekte van geloof in die huis; help om die Christelike frame of mind te ontwikkel waardeur hulle die wêreld beoordeel; sluit aan by wederkerigheid: “Hoe verwag jy dat ander jou moet vergewe as jy hulle nie wil vergewe nie?” “Ons kan vergewe omdat ons vergewe is.” Betrek kinders wanneer waardes uitgeleef word, soos teenoor bure, ouer mense en mense wat hulp nodig het.

Een van die belangrikste eienskappe in hierdie fase van geloofsvorming is wat Piaget “konkrete optrede” noem: Dit is die gebruik van voorlopige en eenvoudige vorme van redenering op ’n konkrete vlak.

Jongmense op hierdie vlak van geloof hou van stories, maar verstaan dit letterlik. Hulle het ook ’n ingeboude sin vir regverdigheid.

SLOT

Groei en ontwikkel

Selfs met die beste leerinhoud tot jou beskikking bly dit jou as kategeet se verantwoordelikheid om ’n veilige omgewing te skep waar kinders as volgelinge van Jesus kan groei en ontwikkel.